# DIE GESKIEDENIS VAN DIE AMA-XHOSA EN AMA-THEMBU

## I. *Inleiding*

Die doel van hierdie kort historiese oorsig is geensins om 'n volledige gedokumenteerde verslag van 'n stuk oorspronklike navorsing weer te gee nie. Die posisie is egter dat ten spyte daarvan dat dit die Kaapse Bantoe-stamme is met wie die Blankes die langste tradisie van kontak het, daar oor hulle geskiedenis baie weinig bekend is. Die historikus in Suid-Afrika kan nie daarvoor geblameer word nie aangesien die bestudering van stamgeskiedenisse besondere tegnieke vereis, wat normaalweg nie op die pad van die historikus se opleiding val nie. Die rekonstruksie van stamgeskiedenisse is daarom eerder die taak en die verantwoordelikheid van die etnoloog of volkekundige.

Die Bantoe van die Republiek word gewoonlik in vier hoofgroepe verdeel, nl. (a) Nguni, (b) Sotho, (c) Venda en (d) Herero-Ovambo. Die Nguni word weer op hulle beurt in vier hoofgroepe verdeel, nl. Swazi, Natal-Nguni, Kaapse Nguni en die Transvaal-Ndebele. Ons belangstelling hier word slegs geverg deur die Kaapse Nguni, of soos hulle ook soms genoem word die Xhosa-sprekende Bantoe. Hierdie groep Bantoe word weer op hulle beurt as volg ingedeel:

| *Hoofgroep* | *Subgroep* | |
|---|---|---|
| Abe-Nguni of Ama-Xhosa | Ama-Gaika | Ama-Rarabe |
| | Ama-Ndlambe | Ama-Rarabe |
| | Ama-Gcaleka | |
| | Verskeie kleiner stamme | |
| Ama-Thembu | Ama-Hlanga of Ama-Qiya | |
| | Ama-Dlomo of Ama-Hala | |
| | Ama-Dlavu | |
| | Ama-Tshatshu | |
| Aba-Mbo | Ama-Pondo | |
| | Ama-Pondomise | |
| | Ama-Xesibe | |
| | Ama-Bomvana | |
| *Groepe latere intrekkers* | Ama-Baca | |
| | Ama-Hlubi | |
| | Ama-Qwati | |
| | Imi-Tetwa | |
| | Ama-Ngwana | |
| | Fingo | |

Ons wil hier slegs aandag gee aan twee van hierdie groepe van die Kaapse Nguni nl. die Abe-Nguni en Ama-Thembu. Hiervoor is daar verskeie redes. Hulle is in die eerste plek numeries die talrykste groepe.

Tweedens, hulle was die twee groepe wat die werklike en aktiewe rol gespeel het in die vroegste koloniale geskiedenis. Hulle is verder die enigste twee Kaapse stamgroepe oor wie genoegsame historiese gegewens bestaan om 'n rekonstruksie van hulle geskiedenis aan te durf. Die kritiese, sowel as die belangstellende, sal nog heelwat ruimte vind om deur nuwe navorsing uit te brei en aan te vul by wat hier gegee word. Wat egter tans bekend is omtrent hierdie twee stamgroepe se geskiedenis, word hier weergegee.

Daar moet in gedagte gehou word dat daar by die Bantoe geen skriftelike kronologie van hulle geskiedenis bestaan nie. Die historiese fase waartoe hulle geskiedenis behoort word daarom gewoonlik as *proto-histories* aangedui. Dit kan vir ons doel hier omskryf word as daardie tydperk waarin inheemse geskrewe geskiedenis ontbreek, maar waarin tog legendariese bronne by wyse van mondelinge oorvertellings, genealogieë, ens. bestaan. In die rekonstruksie van stamgeskiedenisse speel veral genealogieë 'n belangrike rol. In die verband is dit egter belangrik om Soga se waarskuwing in gedagte te hou; „Sometimes we come across genealogical tables which seek to correlate all the principal Bantu Tribes existing at the present in South-Eastern Africa, but these efforts give us what, at best, are merely fanciful relationships. There are certain prominent tribes which represent well defined streams or branches of the Bantu race; within the limits of each of these streams correlation may be secured, . . . I think it is perfectly safe to say that correlation, between Thembu and Xosa, or Xósa and Aba-Mbo, or Aba-Mbo and Thembu cannot be secured. They are widely divergent branches of the Bantu and their separate origin cannot be dated at the same period of time".[1] Ongelukkig is nog geen vergelykende kultuurstudie gemaak om hierdie stelling te bevestig of om die teendeel te bewys nie. Dit skyn egter 'n logiese uitgangspunt te wees om dit te aanvaar soos Soga dit stel. Ten spyte van die probleme waarvoor te staan gekom word in die gebruik van genealogieë vir die rekonstruksie van die Bantoe se geskiedenis bly dit die belangrikste, en tot 'n groot mate die veiligste hulpmiddel aangesien dit tog tot 'n mate kontroleerbaar is. Dit is slegs nodig om dit hier te stel dat die problem waarvoor die student van die geskiedenis van die Bantoe te staan kom, legio is.

Voordat die geskiedenis van die twee stamgroepe bespreek word is dit nodig om ook eers kortliks aandag te gee aan twee belangrike aspekte van hulle sosio-politieke organisasie wat in hulle geskiedenis, van groot belang was. Daar moet in die eerste plek die Bantoe se *poligamiese huwelikstelsel* in gedagte gehou word. 'n Kort verduideliking is hier nodig.

Die erfgenaam (opvolger) is die seun van die vrou van die hoofhuis. Was dáár geen seun nie, moes die erfgenaam kom uit die ondersteuning van die hoofhuis. Was ook hier geen manlike erfgenaam nie, moes die

1. Soga, J. H. *The South-Eastern Bantu*, pp. 70-1.





Fig. 1. *Uitleg van 'n Kaapse Nguni-werf.* 1. *Veekraal.* 2. *Hoofhuis.* 3. *Regterhandse huis.* 4. *Linkerhandse huis.* a. *Ondersteuning van die hoofhuis.* b. *Ondersteuning van die regterhandse huis.*


regterhandse huis die erfgenaam lewer. In gevalle waar ook die regterhandse huis faal, moés díe se ondersteuning die erfgenaam lewer. Waar beide die hoof- sowel as die regterhandse huis in gebreke gebly het om dit te doen, moes die erfgenaam kom uit die linkerhandse huis. As gevolg van hierdie poligamiese huwelikstelsel, en die groepering van vroue in verskillende huise volgens senioriteit, was al die seuns van die hoofman potensiële erfgename en opvolgers van hulle vader. Hierin, volgens Soga „. . . were ready to hand all the elements for bickering, jealousy, claims of precedence and strife".[2] Hierdie stelsel het daartoe gelei dat 'n groot aantal stamme ontstaan het sonder enige gemeenskaplike patriotisme, buite die grense van die stam, en waarin elke stam homself gehandhaaf het met die spies. Die Xhosa self het daarom die uitdrukking *isi-Thembu siyandisa kodwa sizala izikali* — poligamie vul die land met mense maar die nakomelinge daarvan is die assegaai.[3] Die belang-

2. *l.c.* p. 31.
3. *l.c.* p. 40.

rikheid van hierdie faktor sal duidelik blyk uit die geskiedenis wat behandel word.

Die ander inherente kulturele faktor waarna bo verwys is, was die *gebruik van isi-zi.* Dit was die vergoeding wat aan 'n hoofman betaal moes word vir oortreding teen hom of as vergoeding aan hom by die verlies van 'n waardevolle lid van die samelewing. Mindere hoofmanne moes hierdie isi-zi invorder onder die mense onder sy beheer en dit dan aan die opperhoof oorbetaal. Dikwels het so 'n mindere hoofman homself, ten koste van die opperhoof, sterk gemaak en dan die opperhoof teengegaan wat kon uitloop op oorlog of beteken het dat so 'n hoofman eenvoudig met sy volgelinge weggetrek het. Hierdie gebruik van isi-zi was bv. die aanleidende oorsaak daarvoor dat die Bomvana uit Natal, nog voor die dae van Tsjaka, na Pondoland gevlug het.

## II *Die Geskiedenis vn die Abe-Nguni (Ama-Xhosa)*




*Tabel 1 Genealogie van die Abe-Nguni (Ama-Xosa).*

Hierdie groep het hulself oorspronklik die Abe-Nguni genoem na aanleiding van hulle vroegste hoofman Mnguni (1510?). Die benaming Ama-Xhosa het hulle aanvaar na aanleiding van hoofman Xhosa (1535), die opvolger van Mnguni. Presies vanwaar hulle uit die sentrale gedeeltes van Afrika gekom het, is nie bekend nie. Die algemene mening is egter, dat dit êrens vanaf die noord-ooste van die Afrikaanse kus was, wat

op verskeie gronde aanvaarbaar is. Volgens Walker het hulle Noord-Natal bereik voor 1620, want toe het die Aba-Mbo hulle reeds daar aangetref. Hulle aankoms in Natal was waarskynlik onder hoofman Tshawe in ongeveer 1610. Volgens Soga was hulle voorpunt in 1620 by Dedesi, 'n sytak van die Bo-Umzimvubu, wat later as die St. John's-rivier bekend geword het. Die Thembu het toe waarskynlik ook reeds suid van die Umzimvuburivier gewoon. Teen die helfte van die 17de eeu het die Xhosa hiervandaan vertrek na die mond van die St. John's-rivier. Hierdie trek vanaf die Drakensberge na die kus moes gewees het tussen 1660 en 1670, tydens die regering van Sikomo. Sikomo is te Ntumbankulu in die huidige Pondoland oorlede. Hy is opgevolg deur Togu onder wie se regering die oorlewendes van die *Stavenisse* in 1668 met die Xhosa in aanraking gekom het. Togu se graf is te Buntingville (Cumgce), 15 myl vanaf die teenswoordige Umtata. Onder Tshiwo het die Xhosa tussen die Umtata- en Basheerivier gewoon. Tshiwo se graf is te Ngcwanguba, 'n paar myl suid van die Umtatarivier. Tydens die opvolger Palo (gebore 1702) se minderjarigheid, is bekend dat daar 'n groot stamgeveg tussen die Bashee- en Umtatarivier plaasgevind het, waarin gepoog is om Palo van sy hoofmanskap te beroof. Dit het egter misluk. Op hierdie stadium het die Xhosa tussen die St. John's-rivier, die kus en die Drakensberge in die weste gewoon. In 1763 het die laer van Palo te Tongwane gestaan. Dit is 'n sytak van die Toleni wat in die Keirivier invloei.

Tot nou toe was die geskiedenis van die Xhosa gekenmerk deur eenheid en het hulle as een groot stam voortbeweeg. Palo se twee seuns, Gcaleka (uit die hoofhuis) en Rarabe (uit die regterhandse huis) het egter al tydens hulle vader se lewe getwis oor die opvolging. Rarabe (1722-1787) het die Keirivier oorgesteek en is kort hierna deur sy vader gevolg. Hier het ons die eerste groot splitsing van die Xhosa toe 'n gedeelte van hulle geledere onder Rarabe in die omgewing van Lwalwadrif, aan die Butterworthrivier, aangekom en vandaar is hy na Buffelsdrif aan die Keirivier. Sy trek het hiervandaan in die rigting van Xaxazele plaasgevind. Na 'n ooreenkoms met die Hottentotte het hy die landstreek tussen die Keiskammarivier en die Buffelsrivier bekom, insluitende die woudgedeeltes van die Amatolareeks d.w.s. min of meer wat vandag as die Ciskei bekend is. Een van Rarabe se krale was bv. te Izeli, naby die huidige King Williams Town. Intussen is Palo in 1775 te Tongwane oorlede. Rarabe self is in 1787 oorlede en sy graf is veronderstel by Amabele (naby Engwali of Dohne) te wees. Gcaleka (1730-1792) het gemeen om die regering oor te neem toe sy vader nog betreklik jonk en sterk was. Hy was deur hierdie daad skuldig daaraan dat hy 'n skeuring veroorsaak het in die geledere van die Xhosa wat tot op daardie stadium 'n eenheid was. Soos reeds gesê, het dié daad van hom, sy broer Rarabe van hom vervreem en het dié weggetrek, gevolg deur hulle vader Palo. Die volgelinge van Gcaleka wat voortaan as die *Ama-Gcaleka* bekend sou wees, het die landstreek oos van die

Keirivier beset. Die volgelinge van Rarabe, wat voortaan as die Ama-Rarabe bekend sou wees, het die binnelande wes daarvan beset.

Tydens Gcaleka se regering was daar gedurig twis en onenigheid, veral nadat hy homself bekwaam het as toordokter. Toe het daar feitlik chaos geheers. Gcaleka is vandag hoofsaaklik daarvoor bekend dat sy naam na die hoofhuis van die Xhosa gegaan het na die wegbreking van die regterhandse huis onder Rarabe.

Gcaleka is in 1792 opgevolg deur sy seun Kawuta. Dié se regering was baie vreedsaam en Kawuta het daarin geslaag om baie van die ontevredenheid wat deur Gcaleka veroorsaak was, uit die weg te ruim.

Kawuta is opgevolg deur sy seun Hintsa (1790-1835). In 1835 is Hintsa geblameer vir 'n oorlog waarby die Rarabe betrokke was en wat as die *Oorlog van Hintsa* bekend sou word. Eintlik was Hintsa in hierdie oorlog 'n neutrale party. Kort hierna volg die *Sesde Kafferoorlog* as gevolg van die Xhosa se ontevredenheid oor die blanke besetting van die gebied tussen die Keiskamma- en Visrivier. Hierdie besetting was deur Gaika, opperhoof van die Rarabe gesanksioneer. Sir B. D'Urban, met sy leër onder aanvoering van sir H. Smith, het Gcalekaland binnegeval en dit was tydens die ontmoeting tussen Hintsa en D'Urban dat eersgenoemde, weens 'n misverstand, nadat hy probeer ontsnap het, geskiet is.

Hintsa is opgevolg deur sy seun Kreli (1820-1902). Dit was tydens die regering van Kreli dat die groot selfmoord van die Xhosa in 1856 plaasgevind het. Kreli se regering, ten spyte van hierdie terugslag waarin ongeveer 70,000 Xhosa gesterf het, was goed en suksesvol. Hy het daarin geslaag om die Gcaleka bymekaar te hou terwyl hy ook bekend is vir die talle verdrae wat hy met die Britse Bewind gesluit het. In 1885 het die Gcaleka hulle vryheid onder Kreli se bewind verloor toe Gcalekaland op hulle aandrang tot Britse grondgebied verklaar is.

Ons moet terugkeer na die Rarabe en kortliks kyk wat met hulle gebeur het. Ndlambe, broer van Rarabe se opvolger Umlawu, is met Rarabe se dood in 1787, as regent namens die minderjarige Gaika, wie se vader op vroeë leeftyd oorlede is, aangestel. In 1799, terwyl Ndlambe besig was om planne te beraam om die hoofmanskap van die Rarabe vir homself te verkry, het die *Derde Kafferoorlog* uitgebreek. Onmiddellik het Ndlambe die kant van die Blankes gekies in die hoop dat hulle hom uiteindelik teen Gaika sou steun. Na die *Slag by Amalinde* (Debe Nek) waar Ndlambe inderdaad vir Gaika verslaan het, het die Blankes egter die kant van Gaika gekies en Ndlambe het in sy woede 'n aanval op Grahamstad gedoen, bekend as die *Vyfde Kafferoorlog*, waar hy verslaan is en sy mag totaal verbreek is. Hier vind nou 'n verdere skeuring in die geledere van die Xhosa plaas. Ons het reeds gesien hoedat die Xhosa verdeel het in die Gcaleka en Rarabe. Hier vind daar nou nog 'n verdere verdeling in die geledere van die Rarabe plaas. Die volgelinge van Ndlambe sou voortaan as die Ama-Ndlambe bekend wees en die volgelinge

van Gaika as die Ama-Gaika. Daar is dus nou drie groot groepe Xhosa waarmee rekening gehou moet word, nl. die Ama-Gcaleka, die Ama-Ndlambe en die Ama-Gaika. Laasgenoemde twee groepe word dikwels tesame na verwys as die Ama-Rarabe.

In 1817 moes Gaika in 'n vedrag met sir C. Somerset afstand doen van die gebied tussen die Visrivier en die Keiskammarivier. Hiervoor is hy vergoed deurdat hy as opperhoof van die ganse Xhosa-nasie deur die Kaapse Bewind erken is. Dit was hierdie ooreenkoms wat Hintsa onskuldig ingesleep het in die sg. *Oorlog van Hintsa,* waarna daar reeds verwys is. In werklikheid het hierdie grond nie aan die Gaika behoort nie, maar wel aan die Gcaleka onder Hintsa. Dit was as gevolg van hierdie saak dat Hintsa, tydens die *Slag van Amalinde,* hom aan die kant van Ndlambe geskaar het. Dit het Hintsa in die oë van die Blankes 'n medepligtige gemaak in die roekelose optrede van Ndlambe. As gevolg hiervan is Hintsa dikwels vir dinge verantwoordelik gehou, of is daarby geïmpliseer, waarmee hy in werklikheid nie gemoeid was nie. Wanneer die Gaika 'n daad gepleeg het, het die Kaapse Bewind dit as vanselfsprekend aanvaar dat ook Hintsa daar iets mee te doen het.


Gaika het twee seuns gehad. Die oudste was Makoma (gebore 1800? uit die regterhandse huis) en die jongste was Sandile (uit die hoofhuis). Makoma was geensins gediend met die ooreenkoms wat sy vader Gaika met die Blankes aangegaan het in die skepping van die neutrale gebied tussen die Vis- en Keiskammarivier nie. Veral nie na hy aangesê is om die Tyumievallei, deel van die gebied wat deur sy vader afgestaan is, te verlaat nie. In November 1834 het hy die Kolonie binnegeval en alles in sy pad vernietig totdat hy deur sir H. Smith gestuit en teruggedryf is. Hierdie inval is bekend as die *Sesde Kafferoorlog.* In die vervolging deur die Britse Bewind is die Gcaleka, wat weinig met die inval te doen gehad het, en inderdaad neutraal was, as medepligtiges ingesleep. D'Urban is na Gcalekaland waar sy ontmoeting met Hintsa gelei het tot die se tragiese dood. Die Gaika is onderwerp aan die Britse gesag en D'Urban het die gebied tussen die Vis- en Keirivier geannekseer maar na Gaika se ingryping is dit aan die Gaika teruggegee.

Dit was tydens hierdie Britse inval in Gcalekaland dat die Fingo vir die eerste keer in die prentjie verskyn het. D'Urban het groot groepe van hulle daar aangetref en nadat hulle om Britse beskerming gevra het, is hulle op verskeie plekke tussen die Visrivier en die Keiskammarivier geplaas om as buffer te dien tussen die Xhosa en die Kolonie. In Mei 1835 is omtrent 16,000 van hierdie Fingo in die huidige Peddiedistrik geplaas en in 1837 is nog 'n groep net wes van Zitzikama geplaas.

In die *Oorlog van die Byl* (1846-47), ook bekend as die *Sewende Kafferoorlog,* het die Gcaleka, hoofsaaklik uit simpatie met die Gaika, deelgeneem aan die invalle in die Kolonie. Hulle is verslaan en in Desember 1847 is die Gaika tot Britse onderdane verklaar en is *Brits Kaffraria* deur sir H. Smith geproklameer, met die Keiskammarivier as oostelike grens. Vrede is gesluit met Sandile, hoofman van die Gaika.

Dit het beteken dat Gcalekaland nou aangrensend aan Britsbeheerde gebied was. In Desember 1850, die *Agtste Kafferoorlog*, kom die Gaika weer eens in opstand, bygestaan deur die Gcaleka. Hulle plunder die Kolonie en eers in Desember 1851 trek militêre magte teen hulle op. In Augustus 1852 steek Cathcart die Keirivier oor en verbrand Kreli se kraal. In Februarie 1853 is amptelik vrede met Kreli gesluit. Intussen is Brits Kaffraria in 1865 tot Britse grondgebied verklaar. In 1877 volg die *Negende Kafferoorlog* waartydens Kreli, hoofman van die Gcaleka, bygestaan deur Sandile, hoofman van die Gaika, die Kolonie binneval. Die Xhosa is egter verslaan en in 1885 is ook Gcalekaland, tussen die Kei- en Basheerivier, tot Britse grondgebied verklaar.

## III. *Die Geskiedenis van die Ama-Thembu*




*Tabel 2. Genealogie van die Aba-Thembu.*

Dit word dikwels gestel dat die Thembu, Pondo en Xhosa verwant is met as gemeenskaplike voorvader Zwisi. Daar bestaan egter baie weinig getuienis, histories sowel as etnologies, dat dit die geval is. Die aangehaalde verklaring van Soga is in die verband, om verskeie redes, meer aanvaarbaar. Hy stel dit duidelik dat die Thembu geen genealogiese verwantskap met die Abe-Nguni (Ama-Xhosa) of die Aba-Mbo (Amo-Pondo, Ama-Pondomise, Bomvana, ens.) het nie. Hulle is volgens hom meer waarskynlik 'n vertakking van die Ama-Lala, of is van Sothose oorsprong. Dat hulle baie na an die Ama-Lala staan, moet afgelei word

uit die feit dat hulle die gebied, later bekend as Zululand, tesame bewoon het.

Voor die Aba-Mbo se aankoms in Natal in 1620, het verskeie afdelings van die Thembu reeds daar gewoon. Een afdeling was gevestig by die oorsprong van die Ntselerivier en 'n ander afdeling in die Qudenigebergtes. Ongeveer dieselfde tyd as die Aba-Mbo se besetting van Natal, het 'n groep van die Thembu suid getrek en hulself aan die Mtamvunarivier, in die huidige Pondoland, gevestig. Dit was met hierdie groep van die Bantoe dat die skipbreukelinge van die *Stavenisse* in hierdie omgewing kontak gehad het.

Volgens Soga moes die besetting van Thembuland deur hierdie Thembu kort na 1600 gewees het. Ons weet dat die Thembu in 1686 dele van die gebied tussen die Bashee- en Umtatarivier beset het.

Die beste metode om die migrasie van 'n Bantoestam na te gaan, is deur die grafte van hulle hoofmanne te probeer vasstel. Die graf van Nxego (1650) is te Msana aan die Basheerivier; die graf van Hlanga is te Nkanga in die huidige Willowvaledistrik; die graf van Tato (1700) te Mkutu, oos van die Basheerivier; die graf van Zondwa (1725) te Darabe in die Mqandulidistrik en die van Ndaba te Mtentu, oos van die Basheerivier. Hierdie feite toon aan dat die posisie van die Thembu, aan die begin van die 17de eeu, nie veel verskil het van wat dit vandag is nie.

In 1650 het daar aan die Msana, 'n sytak van die Basheerivier, 'n groot stamgeveg plaasgevind tussen Nxego se twee seuns Hlanga (uit die hoofhuis) en Dlomo (uit die regterhandse huis) en laasgenoemde het as oorwinnaar uit die stryd getree. Dit het tot gevolg gehad die verdeling van die Thembu in die Ama-Dlomo (Ama-Hala) as regerende genealogie, hoewel nie uit die hoofhuis nie, en die Ama-Hlanga (Ama-Qiya) as onderdrukte linie.

Hlanga het met sy volgelinge weggetrek en tussen die Bashee- en Keirivier gaan woon waar hulle die benaming Ama-Qiya aanvaar het na aanleiding van hulle hoofman se huwelik met Nobeta, dogter van Qiya, opperhoof van die onderdrukte koninklike linie van die Pondo.

In die regerende linie van die Thembu (Ama-Dlomo of Ama-Hala) gebeur weinig opspraakwekkends tot en met die dood van Ndaba (1750), seun van Zondwa en tydgenoot van die Rarabehoofman Rarabe. Dit was tydens 'n stamgeveg tussen die Thembu en Rarabe dat die opperhoof Rarabe sy seun Umlawu (vader van Gaika) verloor het.

In 1828, tydens die regering van Ngubencuka (ook bekend as Vusani) vind invalle vanuit Basoetoland, as gevolg van die onrus deur Tsjaka veroorsaak, in Thembuland plaas. Met behulp van die Kaapse Bewind, die Pondo onder Faku en die Gcaleka, is dit egter afgeweer. As gevolg van hierdie onrus het groot groepe Thembu na die huidige Queenstowndistrik versit onder hoofman Bawana, 'n nakomeling van Dlomo se opvolger Hala se broer Manusi. Voordat met die geskiedenis van die Ama-Dlomo voortgegaan word, moet ons eers kortliks aandag gee aan wat gebeur het met hierdie Emigrante-Thembu.

Hierdie Thembu wat geëmigreer het, het as die Ama-Tshathsu bekend geword. In Januarie 1837 het sir A. Stockenström 'n vredesverdrag gesluit met Mapasa, opvolger van Bawana. Dit is hersien deur 'n verdere ooreenkoms in 1841 tussen sir G. Napier en Mapasa en weer eens in 1845 tussen sir Maitland, Mapasa en Mtirara van die Ama-Dlomo. Mapasa het egter in die *Sewende Kafferoorlog* in 1846-47 die Gaika gesteun. In hierdie inval in die Kolonie het Mapasa 'n groot aantal vee buitgemaak. 'n Groot gedeelte hiervan is egter deur Mtirara, wat graag die guns van die Blankes wou wen, van hom weggeneem en in die dorpie Alice aan Maitland teruggegee. Nonesi, weduwee van Ngubencuka, het voor die *Agtste Kafferoorlog* haar by die Emigrante-Thembu gevestig. Na die uitbreek van die oorlog het sy gevlug na die Ama-Dlomo wat nou onder die regentskap van Joyi gestaan het. In hierdie *Agtste Kafferoorlog* (1850) het Mapasa weer eens die Gaika onder Kreli gesteun. Vir Mapasa se mense het dit noodlottige gevolge gehad want hulle het groot verliese gely en feitlik al hulle hoofmanne het in die stryd omgekom. Cathcart het hulle gebied geannekseer as deel van die Kolonie en dit in die afdeling van Queenstown omskep. Hy het die verslane gedeelte van die Thembu bymekaar gemaak en hulle 'n stuk grond gegee, voortaan bekend as die Tamboekie-lokasie, in die Glen Greydistrik. Die oosgrens sou die Indwerivier wees. Nonesi is gevra om terug te keer en is deur Cathcart as hoof van hierdie lokasie aangestel. In September 1864 het sir P. Woodhouse 'n deel van die grond tussen die Indwe- en Keirivier, in 1858 van Kreli afgeneem, in ruil vir 'n stuk grond aan die koloniekant van die Indwerivier, waarop hy Blankes wou vestig, aan die Emigrante-Thembu aangebied. Die ander hoofmanne van die lokasie nl. Matanzima, Darala en Gecelo het geredelik toegestem maar Nonesi het geweier. Dit was waarskynlik omdat sy en Matanzima nie op goeie voet verkeer het nie. Gedeeltes van die Thembu van die lokasie het na die gebied deur die Britse Bewind aangebied, geëmigreer. Die Kaapse Bewind was magteloos om die volksverhuising op al die Thembu af te druk sowel as om die gedeeltelike migrasie na die gebied wat deur hulle aangebied is te stuit. Op hierdie wyse het die Thembu daarin geslaag om in besit te kom van die boonste gedeelte van die gebied tussen die Keirivier en die Basheerivier, plus die lokasie wat deur Cathcart aan hulle gegee is. Tesame het dit bekend geword as Emigrante-Thembuland. Gedurende die *Negende Kafferoorlog* het Emigrante-Thembuland neutraal gebly en nie aan die oorlog deelgeneem nie. In 1878 is Emigrante-Thembuland in twee magistraatsdistrikte nl. Southeyville en Xalanga verdeel.

Daar moet nou teruggekeer word na die regerende linie van die Thembu (Ama-Dlomo) en kortliks gelet word op wat verder met hulle gebeur het. Kort na die invalle vanuit Basoetoland, waarna reeds verwys is, het Ngubencuka in die huwelik getree met 'n dogter van Faku, opperhoof van die Pondo. Ngubencuka is opgevolg deur sy seun Mtirara. In 1836, die jaar van die dood van Hintsa, vind 'n inval in Thembuland deur die Pondo onder hulle hoofman Faku plaas. Baie Thembu moes

as gevolg hiervan vlug uit die gebied wat deur hulle bewoon was. In 1847 het Mtirara, nadat hy die beeste wat deur Mapasa buitgemaak was in die *Sewende Kafferoorlog* aan die Kaapse regering teruggegee het, om Britse beskerming gevra wat egter deur sir H. Pottinger van die hand gewys is.

Mtirara se opvolger Ngangelizwe was minderjarig met sy vader se dood. Sy vader se broer Joyi is toe as regent namens hom aangestel. Onder dié se regentskap het daar in 1860 'n oorlog gevolg met die Mpondomise, 'n nasleep van die opvolgreg in daardie stam. Die verslane aanspraakmaker Gqirana het die Thembu se gebied binnegeval en daar vee buitgemaak. Joyi wat hulle probeer stuit het, is egter verslaan en die Mpondomise het die hele gebied wat vandag as Tsolo bekend is, beset.

In 1863 het Ngangelizwe sy hoofmanskap aanvaar. Onder sy regering was daar gedurig stremminge met beide die Gcaleka en die Pondo. Om homself te beskerm het hy 'n groot aantal Fingo onder Memziwe toegelaat om hulself in Thembuland te vestig. Hy het ook ongeveer tagtig gesinne Blanke boere toegelaat om hulself aan die westelike oewer van die Umtatarivier te vestig om te dien as buffer tussen homself en die Pondo. In 1866 is hy getroud met Nomkafulo, dogter van die Gcaleka-hoofman Kreli. Hy het haar egter so mishandel dat sy in 1870 na haar vader gevlug het. Toe Kreli wou opruk om hom te straf vir sy daad, het die Kaapse Bewind ingegryp en die hoofman van die Thembu verplig om veertig beeste as vergoeding te betaal. Die Gcaleka was egter nie hiermee tevrede nie en in 1872 het hulle Thembuland binnegeval om wraak te neem op die mishandeling van Nomkafulo. Daar was egter ook 'n ander motief, nl. die feit dat die landstreek wat in 1858 van hulle weggeneem is, nou aan die Emigrante-Thembu gegee is. Die Thembu is in die skermutselinge wat gevolg het, totaal verslaan en die Kaapse Bewind moes weer eens ingryp.

In 1875 bring Ngangelizwe se optrede die Thembu weer eens in groot gevaar. Hy het nl. Nomkafulo se diensmeisie Nonxokozelo op haar beurt so mishandel dat sy beswyk het. Nuus hiervan het Kreli bereik en die regering aan die Kaap moes ingryp om 'n bloedige stamgeveg te verhoed. Dié keer is die Thembuhoofman 'n boete van honderd beeste en R200 opgelê.

Ngangelizwe het nou versoek dat sy gebied en mense onder Britse beskerming geneem moes word. In Oktober 1875 is 'n ooreenkoms te Clarkebury gehou om die aangeleentheid te bespreek. Dumalisile, hoofman van die Ama-Dlavu ('n vertakking van die Thembu, wat ontstaan het uit Dlavu, broer van die Ama-Dlomohoofman Zondwa, 1725) was egter nie teenwoordig nie. Eers in Desember 1875 het die genoemde Dumalisile daartoe toegestem. Op die wyse het die inwoners van Thembuland toe onder die gesag van die Britse Bewind gekom. Die Thembu het egter

nog volle binnelandse onafhanklikheid geniet. In 1876 is Thembuland in die volgende magistraatsdistrikte verdeel nl., Emjanyana, Engcobo, Umtata en Mqanduli.

In die *Negende Kafferoorlog* (1877) het die Kaapse Regering die Thembu versoek om hulle te steun. Ngangelizwe, wat in 1875 afgesit is maar in 1876 herstel is as opperhoof van die Thembu, wou graag die guns van die Britse Bewind verkry en kies kant vir hulle in die oorlog teen die Gcaleka. Dit het tot 'n sekere mate sy aansien in die oë van die Britse Bewind herstel.

Die jaar 1880 was weer een van onrus in Thembuland. In Oktober van hierdie jaar is die magistraat en nog twee persone te Qumbe in Griekwaland-Oos vermoor. In Thembuland self het Dumasilile, en in Emigrante-Thembuland, Gecelo en Stokwe, die wapens teen die Blankes opgeneem. Ngangelizwe wat die guns van die Britse Bewind wou behou, het gehelp om die opstand te onderdruk en teen Februarie 1881 was die rebelle verslaan.

Emigrante-Thembuland is herverdeel in drie magistraatsdistrikte nl. St. Marks, Cala en Xalanga. Die noordelike gedeelte van die vroeëre Emigrante-Thembuland is oopgestel vir okkupasie deur Blankes. In 1884 is dit weer eens herverdeel in twee distrikte nl. St. Marks en Xalanga en die vroeëre distrik Cala is tussen die twee verdeel. In 1882 is 'n gedeelte van die landstreek aan die Umtatarivier van Ngangelizwe gekoop vir die aanlê van die huidige dorp Umtata.

In Desember 1884 is Ngangelizwe oorlede en is opgevolg deur sy seun Dalindyebo. In teenstelling met sy vader se regering was die regering van Dalindyebo baie vreedsaam en het die Thembuhoofman veral 'n hoë aansien by die Britse regering geniet. Dit was onder sy bewind dat Thembuland in 1885 tot Britse gebied geannekseer is.

## IV. *Slotsom*

Dit word dikwels verkeerdelik voorgestel dat die lotgevalle van die Kaapse stamme, na kontak met die Blankes, grootliks bepaal was deur die houding van die Kaapse Bewind. Dit word voorgegee dat dit die beleid van die Blankes was wat gelei het tot die vele kafferoorloë en stamoorloë wat die vroegste koloniale geskiedenis kenmerk. Hierdie oorsig toon duidelik dat dit nie die geval was nie. In al die kafferoorloë, sowel as stamoorloë, het die interne aangeleenthede van hierdie Kaapse stamme 'n groter rol gespeel as die beleid van die Blankes. Stryd om opvolgreg, tussenstamse huwelike, jaloesie, pogings om in die guns van die Blankes te kom, ens. was alles faktore wat 'n primêre rol gespeel het in die geskiedenis van hierdie Kaapse stamme. Die Blankes was slegs nog 'n faktor wat dikwels gebruik is deur hierdie Bantoe om stamme teen mekaar

af te speel. Die Blanke was slegs nog 'n skaakstuk in die Bantoe se interne stryd en twiste.

E. J. de Jager.

GERAADPLEEGDE BIBLIOGRAFIE

Brownlee, F.: *The Transkaian Native Territories; Historical Records,* Lovedale, 1923.

Hammond-Tooke, W. D.: Notes on the Geographical Distribution of the Hottentots and Bantu in South Africa, *Records of the Albany Museum,* Vol. 2. Grahamstad, 1913.

Holden, W. C.: *The Past and Future of the Kaffir Races,* Londen.

Kropf, A. K.: *A Kaffir-English Dictionary,* Lovedale, 1915.

Molema, S. M.: *The Bantu; Past and Present,* Edinburgh, 1920.

Schapera, I. (red.): *The Bantu-speaking Tribes of South Africa,* Kaapstad, 1956.

Soga, J. H.: *The South-Eastern Bantu,* Johannesburg, 1930.

Soga, T. B.: *Mtlalo ka-Xhosa,* Lovedale.

Walker, E.: *Historical Atlas of South Africa,* Kaapstad.